Die Afrikaner
Sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2270 17 Februarie 2026

# Die HNP se visie vir die Afrikanervolk

Tydens die afgelope HNP-kongres wat in Oktober 2025 plaasgevind het, is daar terugvoer gegee oor die werk van die HNP se Forum vir Strategie, onder leiding van mnr. Meinhard Peters.

Dié forum het oor ‘n tydperk van byna twee jaar sy werk gedoen, en benewens sy ander take, twee visiestellings opgestel. Die een is die HNP se visie vir die Afrikanervolk, en die ander is die visie vir die HNP as party of beweging.

Beide visies is deur die kongres aanvaar, en word daarom hier weergegee.

Die eerste is die **HNP se visie vir die Afrikanervolk**:

1. ’n Weerbare Afrikanervolk, in staat om ’n langdurige vryheidstryd te voer.

2. ’n Gemotiveerde, ingeligte en gedissiplineerde Afrikanerjeug.

3. ’n Lewendige Afrikanerkultuur, wat veral toegewy is aan die handhawing en versterking van Afrikaans as die taal van die Afrikanervolk.

4. ’n Gelowige, geestelik-weerbare volk wat die Voortrekkerideale en die Gelofte van 1838 sal eer en dit prakties sal uitleef.

5. ’n Afrikanervolk wat ekonomies selfstandig en vry is; en wat na die beste van hul vermoëns voorsorg sal tref vir die welsyn van toekomstige geslagte.

6. ’n Vrye republikeinse staat in 'n eie land, met politieke- en regerings-instellings waardeur die Afrikanervolk se behoeftes gedien kan word, binne ons volk se tradisionele demokratiese tradisies.

7. Volledige staatkundige en kulturele selfbeskikking waarin alle instellings deur Afrikaners beheer word en op konkrete Afrikanerbelange gerig is.

Byvoorbeeld: 'n Skoolsisteem met Afrikaanse onderwysers in Afrikaans vir Afrikaner-kinders, 'n regstelsel wat die regsopvattings van die Afrikaner weerspieël, ekonomiese ondernemings wat Afrikaners se belange dien, en universiteite wat op die Westerse-, Christelike-kultuur gegrondves is.

8. In die genoemde Afrikanerland moet die Afrikaner die meerderheid wees om nie deur 'n ander taalgroep of ras weer sy vryheid te verloor nie.

9. Daardie Afrikanerland moet 'n bastion in die wêreld wees wat Witmanskap en Christenskap betref, sodat mense uit ander (Dietse) volke, mense wat soortgelyke sentimente het en by die Afrikaanse kultuur kan inskakel, bereid sal wees om te immigreer, en sodoende die Afrikanervolk te versterk.

10. 'n Trotse volk wat bogenoemde ideale omhels, en wat hul gawes en talente sal inspan in ’n volgehoue strewe om dit te verwesenlik.

**Visie van die Herstigte Nasionale Party – ’n beweging vir Afrikanervryheid**

1. Die HNP is ’n beweging met duidelike beginsels en ’n goed gemotiveerde strategie om sy beginsels in die praktyk toe te pas.

2. Die HNP tree op as ’n hegte korps van geïnspireerde Afrikaners wat sy strewe met idealisme en daadkrag voortsit.

3. Die HNP beskik oor ’n aktiewe en besielde korps van jeugleiers, wat jongmense inspireer om saam te werk aan die Afrikanervolk se toekoms.

*(Vervolg op bladsy 13)*

Die Redakteur

# Interessante politieke verwikkelinge

Sedert ons vorige uitgawe, het veral twee interessante politieke verwikkelinge plaasgevind, wat gewis ‘n invloed op die toekoms gaan hê.

Die een is die aankondiging van die huidige DA-leier en beleërde minister van landbou, John Steenhuisen, dat hy nie op sy party se kongres in April vanjaar weer as leier verkiesbaar gaan wees nie.

Die tweede gebeurtenis is Cyril Ramaphosa se “staatsrede” en die kommentaar wat dit uitgelok het.

Veral John Steenhuisen se kommentaar was veelseggend. Toe *Netwerk24* op ‘n video vir van die opposisiepartyleiers vra hoeveel gee hulle uit tien vir Ramaphosa se toespraak, was Steenhuisen se kommentaar tweedebeste na dié van die ANC se eie His Matsers’ Voice, Fikile Mbalula. Steenhuisen het vir Ramaphosa agt, “dalk nege” gegee vir sy toespraak. Selfs dr. Corné Mulder van VF Plus was in wese positief toe hy Ramaphosa “met moeite ses” gegee het. Wel, ses is nou nie soos Steenhuisen se onderskeiding nie, maar dit is ‘n stewige slaagsyfer. Ook Good, wat deel is van die koalisieregering, het Ramaphosa sewe en ‘n half gegee.

Een kommentaar wat eintlik verrassend sinvol was, was dié van die vorige DA-leier, wat tans sy eie party het, Mmusi Maimane, wat hom slegs ‘n vier gegee het, en sommer bygevoeg dat dit ‘n verkiesingstoespraak was met die oog op later vanjaar se plaaslike regeringsverkiesings.

As Ramaphosa nie so baie beloftes in die verlede gemaak het waarvan dadels gekom het, sou die toespraak dalk nie te sleg gelyk het nie. Maar dit is beloftes soos in die verlede, waarvan sommiges eenvoudig nie haalbaar is nie, terwyl daar vir ander aksies wat hy aangekondig het, eenvoudig geen geld is nie. Dus, op grond van sy historiese rekord is sy toespraak nie meer as ‘n een werd nie. Die enigste punt wat hy verdien, is dat hy uiteindelik, maande te laat, tog sover gekom het om bek- en klouseer ‘n nasionale ramp te verklaar, maar hy beklemtoon dat bek- en klouseer enststowwe deur die regering hanteer sal word – dus weer die kommunistiese stelsel van beheer, en wat weer eens die deur wawyd oopmaak vir tenderpreneurs, bedrog en korrupsie ten koste van die boere.

Ramaphosa se aankondiging dat hy die weermag wil ontplooi om bendegeweld te bekamp, gaan sommer deur die eerste probleem gekortwiek word: geld. Die weermag is bankrot, en die laaste paar sent wat daar nog was, word gemors op ‘n parade later vandeesmaand in Thohoyandou waaraan seweduisend soldate gaan deelneem, sodat die generaals en regering kan goed lyk.

Verder is daar weer taakspanne en kommissies aangekondig, terwyl die geskiedenis geleer het dat dit geen invloed het op gebeure nie. So lê die Zondo-kommissie se verslag oor staatskaping en stof vergaar, terwyl die kapers lekker verder kaap, of al lankal saam met hul gekaapte bates land-uit gevlug het. Volgende jaar sal hy waarskynlik ‘n kommissie aankondig wat moet ondersoek instel waarom alle vorige kommissies nie gewerk het nie.

Ramaphosa wil die polisie vergroot met 5 000 mense, terwyl daar 120 000 vakante poste is wat net nie gevul word nie. Hy wil meer universiteite en tegniese kolleges bou, hy wil alkoholmisbruik bekamp, wat waarskynlik net so suksesvol gaan wees as die regering se anti-rook veldtogte, wat die smokkelbedryf laat floreer. En dan laaste: “niemand sal Suid-Afrika boelie nie” wat inderdaad klink na ‘n kragtige opmerking met die oog op ‘n verkiesing.

Ramaphosa se beloftes verras niemand meer nie. Wat wel verrassend is, was die reaksie van die “opposisie”. Al die vennote van die koalisie-regering, was positief, en dit toon duidelik hoe ‘n eertydse vyand nou skielik in ‘n bondgenoot of vriend verander. Dat juis Steenhuisen so oordrewe positief is, net nadat hy aangekondig het dat hy nie verder sy party gaan lei nie, is dalk meer veelseggend as wat op die oog af lyk.

Na Steenhuisen se uittree-aankondiging, het hy gesê dat hy hoop om wel minister van landbou te bly, maar dat die nuwe partyleier die reg het om iemand anders aan te wys indien hulle so sou voel. Net later het hy die sogenaamde eenheidsregering se lof besing, en gesê die DA sal ‘n groot fout maak om uit die sogenaamde RNE te tree. Dit dui dus onteenseglik daarop dat daar tweespalt in die DA is: die een kant, onder leiding van Steenhuisen wil ten alle koste deel van dié koalisiepot bly, terwyl daar ‘n ander groepering is wat wil uitklim. Wie is die sterkste?

Sou Steenhuisen se opvolger wel besluit om uit die koalisie te tree, is Steenhuisen outomaties se ministerspos kwyt, saam met die DA-lede wat ministers of adjunkministers is.

Tensy: tensy Steenhuisen hom in daardie geval by die ANC sou aansluit, wat nie vergesog is nie! Hy is ooglopend baie positief en ondersteunend teenoor

Ramaphosa. Hy het hom na Amerika vergesel en het vir Ramaphosa opgekom toe Donald Trump besig was om die vloer te vee met Ramaphosa. Nou geen hy vir Ramaphosa “agt of dalk nege” vir sy toespraak. Dis duidelik dat hy in Ramahosa se goeie boekies wil bly, in die hoop dat hy steeds sy ministerspos sal behou sou die DA wel besluit om uit die regering te tree. Hy beweer ook dat Suid-Afrika tans ‘n beter plek is as ‘n jaar gelede, en dit is uiteindelik ‘n klop op Ramaphosa se skouer.

Steenhuisen het die DA baie skade gedoen, en daar was druk op hom om nie meer verkiesbaar te wees as leier nie. Dis dus die eerste stap. Die tweede logiese stap sou wees om hom as minister te herroep, soos wat hy met Deon George gedoen het.

Verder het die DA eintlik geen keuse nie as om uit die koalisieregering te stap as Steenhuisen eers uit die pad is nie. George het immers by sy vertrek uit die DA gesê dat die party deur die ANC gekaap is, en dit is ‘n gevoel onder baie kiesers. As die DA weer gesig wil wen, sal hy weer meer opposisie en minder kruiper moet wees.

Dit laat die vraag ontstaan wie vir Steenhuisen as leier gaan opvolg?

Tans word die burgemeester van Kaapstad, Geordin Hill-Lewis, gesien as die man wat vir Steenhuisen kan opvolg. Hy wil egter ook burgemeester van Kaapstad bly, en daar is ‘n sterk gevoel in die DA dat twee sulke belangrike poste nie deur een persoon gevul kan word nie. Bowendien sal die leier van die party dan geen sitting in die parlement hê nie, wat sy eie probleme oplewer omdat die leier dan ‘n armlengte weg is van die hartklop van die politiek.

‘n Ander kandidaat wat ook genoem word as opvolger vir Steenhuisen, is Siviwe Gwarume, tans minister van basiese onderwys. Sy kan dalk meer swart stemme trek, maar dalk weer vele blanke kiesers vervreem, weens haar positiewe hantering van die omstrede Bela-onderwyswet wat die ANC opgestel het en wat sy moet implementeer.

‘n Ander naam wat al genoem is, is dié van dr. Ivan Meyer, lid van die Wes-Kaapse parlement waar hy die pos beklee van Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme. Hy kan ‘n goeie kandidaat wees om die wegdrywende bruin gemeenskap terug te bring na die DA, nadat die DA die afgelope jaar ten minste vier munisipale wyke aan die PA van Gayton McKenzie afgestaan het. Of Meyer egter aanvaarbaar is in die res van die land, moet eers gesien word, maar hy kan dalk ‘n kompromie kandidaat wees.

Die DA staan dus voor ‘n moeilike besluit: wil hy die Wes-Kaapse munisipaliteite behou, sal hy iemand soos Meyer moet kry om die stem-erosie na die uitgesproke bruin PA-party te stop. Aan die ander kant het die termyn van Maimane as partyleier geblyk die blanke kiesers af te skrik. Steenhuisen het dié weer teruggetrek na die DA, alhoewel baie Blankes nou spyt is dat hulle vir die DA gestem het.

Voorwaar interessante politieke verwikkelinge...!

---


# “Sy doodkry was (nog steeds) nie”

’n Stel van **8 DVD’s** (ook op ’n geheuestokkie)
oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope
50 jaar en die rol van die HNP om die
oorgawe aan die ANC te probeer keer.
Die vertellings word gestaaf deur
unieke foto- en lewendige video-materiaal
uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD’s**
**(netjies verpak) of ’n geheuestokkie.**

# DIE SANDRIVIERKONVENSIE, 17 JANUARIE 1852

**Prof. Fransjohan Pretorius**

Op 17 Januarie 1852 is die belangrike Sandrivierkonvensie onderteken.

Die Groot Trek, waardeur uiteindelik 17 000 Voortrekkers (Emigrante-Boere) die Oos-Kaap vir die binneland verlaat het, was problematies vir die Britse owerheid aan die Kaap. Hul vertrek het die Oosgrens weerloos vir Xhosa-invalle gemaak. Dit was ook ‘n ekonomiese terugslag, want hulle was belastingbetalers wat met hul vee — 'n ekonomiese bate — weggetrek het.

Die Britse owerheid aan die Kaap het gevolglik in Augustus 1836 ingevolge die *Cape of Good Hope Punishment Act* bepaal dat alle witmense suid van die 25° Suiderbreedte (dus noord van die latere Johannesburg) onder Kaapse jurisdiksie val. Dit het die Voortrekkers Britse onderdane gemaak — en hulle wou juis van die Britse owerheid wegkom.

Die Kaapse goewerneur, sir George Napier, het verskeie kere geweier om die Voortrekkers se onafhanklikheid in die Winburg-Potchefstroom-gebied en die Republiek Natalia te erken. Trouens, Napier het die Britse regering in Londen oorreed om Natal in 1843 te annekseer.

'n Nuwe Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, het geoordeel dat 'n anneksasie van die gebied tot aan die Vaalrivier versoening tussen Britte, Emigrante-Boere en swartmense kon bring. Hy het geglo dat die meerderheid inwoners ten gunste daarvan was, en dat die gebied ten opsigte van bestuur en verdediging selfonderhoudend sou wees. Gevolglik het hy die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier op 3 Februarie 1848 as die Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer. Die Britse regering, wat vanweë koste nie ten gunste van gebiedsuitbreiding was nie, het langtand toegestem.

Smith het Andries Pretorius se vertoë vooraf dat die meeste witmense teen die anneksasie gekant was, geïgnoreer. Die gevolg was die Slag van Boomplaats naby die huidige Jagersfontein op 29 Augustus 1848, waarin Pretorius met sy 600 tot 800 man verslaan is.

Die Britse regering is verder ontnugter oor die wenslikheid van beheer oor die binneland. Mosjwesjwe en sy Basotho's en die Zoeloes onder Mpande het 'n aggressiewe beleid teenoor die Britse invloed begin volg. Die Agtste Grensoorlog teen die Xhosas het ook onveiligheid en onkoste meegebring. Daarbenewens moes Brittanje sy internasionale posisie teenoor 'n aggressiewe Frankryk en Rusland handhaaf.

Pretorius het die Britse verleentheid besef. Hy het deur die Britse resident in Bloemfontein versoek dat Brittanje die Emigrante-Boere se onafhanklikheid noord van die Vaalrivier erken.

So het maj. W.S. Hogge en C.M. Owen op 17 Januarie 1852 die Sandrivierkonvensie met 'n afvaardiging Emigrante-Boere onder leiding van Pretorius onderteken. Die Emigrante-Boere noord van die Vaalrivier het hulle onafhanklikheid verkry. In September 1853 het die Volksraad die naam vir die staat as die Zuid-Afrikaansche Republiek aangeneem. Brittanje het alle verdrae met swart groepe noord van die Vaalrivier opgesê. Voortaan kon die Emigrante-Boere hul verhouding met die swart groepe sonder Britse inmenging reël. Dit was die begin van ’n proses om Suider-Afrika vir bykans 50 jaar in 'n koloniale suide en 'n republikeinse noorde te verdeel en binnelandse swart groepe onder Wit beheer te plaas. 'n Toekomstige Suid-Afrika het op die horison verskyn.

Net noord van die Sandrivier, op die hoogtetjie waar die konvensie onderteken is, staan die gedenkteken langs die N1, 20 km suid van Ventersburg. Hou gerus daar stil, en belewe ’n stukkie geskiedenis.

*(uit: *Terugblik – 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

# Jaap Versfeld oorlede

Die eerste voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA), mnr. Jaap Versfeld, is in die ouderdom van 88 jaar oorlede in Huis Hermon, sentrum vir verswaktes en bejaardes in Pretoria-Noord. Hy was oor jare lank bedrywig in die HNP.

Hy was voorheen assistent-stadsekretaris in Brakpan en later stadsekretaris in Parys, waarna hy hom in die joernalistiek gewend het en nuusredakteur by Patriot geword het.

Sy liefde vir die Afrikaanse taal het bestaan nog lank voor die stigting van die GHA. Hy was onder meer voorsitter van die destydse Terminologie Vereniging. Hy was ook lid van die Studiegroep vir Eietydse Geskiedenis (SEGE).

Hy was ook jare lank nuusskrywer by die destydse Radio Pretoria. Daarvandaan het hy die bestuurder geword van die volkseie welsynsorganisasie, Volkhulp 2000.

Sy vrou, Susan, het ook by Radio Pretoria gewerk, maar sy is in 2014 oorlede aan kanker.

Mnr. André Alkema het namens die GHA sy leedwese betuig met die heengaan van mnr. Versfeld, wat hy beskryf het as “musikant, skrywer en taalaktivis.”

Mnr. Alkema sê in sy huldeblyk: “Jaap sal onthou word vir sy goeie algemene kennis, versiendheid en leiding in die GHA. Hy was die eerste voorsitter van die GHA.

“Hy skryf soos volg in die Tien Jaar GHA-feesvieringspublikasie in 2004:

“’By die stigtingsvergadering op 29 Januarie 1994 in die Berea-saal, Pretoria was die volgende vyftien persone teenwoordig: dr J Basson; mevrou N Clarke; dr. GF Marais; mnr JA Marais; dr P Möller; mnr M Peters; mnr J Pretorius; mevrou N Reynecke; mnre J Stephens; L Strydom; H van de Graaf; dr P van der Dussen; en mnre P van der Spuy; D Varkevisser en JD Versveld.

“’Die vergadering besluit dat die naam van die te stigte organisasie die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) sal wees. Die voorgestelde Grondwet word aanvaar en daar word ’n hoofbestuur gekies. Die bestuur sien soos volg daaruit:

Voorsitter: Mnr JD Versfeld
Ondervoorsitter: Mnr P van der Spuy;
Sekretaris: Mnr L Strydom;
Hulpsekretaris: Mnr J Stephens;
Bykomende lede: Drs GF Marais en P Möller en mnr D Varkevisser
Dr G Reinecke en menere K Hough en M van Heerden word op die bestuur gekoöpteer. Die vergadering verdaag met die sing van Die Stem.’”

Jaap was ’n tyd lank nuusskrywer by Radio Pretoria (tans PretoriaFM) en in 1999/2000 het hy die laserplaat “Kommandeer Kommandeer”, uitgebring waarin liedjies opgeneem is uit die era van die Tweede Anglo-Boereoorlog.”

Mnr. Versfeld word oorleef deur drie seuns en ‘n dogter en ‘n aantal kleinkinders.

*Mnr. Jaap Versfeld (regs) as voorsitter by ‘n byeenkoms van die GHA, saam met die sekretaris van die GHA, wyle mnr. Leon Strydom (links).*

## John Pinocchio

Die DA se minister van landbou in die ANC-kabinet, bly maar in die moeilikheid by die boere. Soos ‘n vriend hom noem, “John Steenmuis”, kruis nou swaarde met Sakeliga, Saai en Vrystaat Landbou, en hy reken dat hy verteenwoordigers van Afasa, Agri SA en TLU SA in sy koordineringskomitee het, behoort hom genoeg rugsteun te gee.

**Sarel** het nou al veral met die mense van Sakeliga te doen gekry, en hulle integriteit is onaantasbaar. Hulle neem ook nie ‘n saak op regsgronde aan as hulle nie seker is van hulle saak nie.

Sakeliga het die volgende mediaverklaring uitgereik oor die hele debakel met Steenmuis, en aangesien die hele bek- en klouseer iets van openbare en politieke belang is, plaas **Sarel** Sakeliga se verklaring volledig:

“Minister Steenhuisen bring sy kantoor in oneer.

“Minister van Landbou, John Steenhuisen, bring sy kantoor in oneer en ondermyn aanspreeklikheid deur die publiek te mislei.

“Die Minister het valslik in 'n regstreekse televisie-onderhoud beweer dat sy kantoor Sakeliga, SAAI en Vrystaat Landbou van 'n skriftelike antwoord op ons aanmaningsbrief van 26 Januarie 2026 voorsien het, terwyl geen sodanige antwoord in werklikheid ontvang is nie.

“Tydens die regstreekse, televisie-onderhoud op kykNET In Gesprek op Maandag 9 Februarie, is Minister Steenhuisen deur die aanbieder gevra:

‘“Vrystaat Landbou, SAAI, en Sakeliga het u gevra om redes te verskaf waarom boere dan nie toegelaat word om die dosisse toe te dien nie. Waarom het u hulle nie van daardie redes voorsien nie?”’

“In antwoord op hierdie vraag het Minister Steenhuisen gesê:

‘“Ek het hulle wel van die redes voorsien. Hulle het 'n e-pos teruggekry wat dit bevestig.”’

“Hy het toe voortgegaan: “’...en dit verg regtig nie 'n vuurpylwetenskaplike om die Wet op Dieregesondheid [sic] sowel as die internasionale riglyne vir inentingsprogramme deur te lees nie.’”

“Die aanbieder se vraag verwys na die brief wat ons prokureurs in Januarie aan die Minister van Landbou gestuur het, waarin ons hom meegedeel het dat ons geen wetlike belemmering – in die Wet op Dieresiektes van 1985 of enige ander plek – kon vind vir private partye wat bek-en-klouseer-entstowwe verkry en toedien nie.

“Ten spyte van die aanvanklike erkenning van ontvangs deur die Departement van Landbou, het nóg Sakeliga, SAAI, nóg Vrystaat Landbou nóg ons prokureurs tot op hede bevestiging van die Minister of sy Departement ontvang oor of die Minister met ons saamstem, of enige redes of wettige stawing vir die Minister se verbod op private entstofverkryging en -toediening uiteengesit.

“Dat die Minister in die openbaar verklaar dat hy Sakeliga en ons vennote van redes voorsien het, en dat ons van 'n e-pos in hierdie verband voorsien is, is grof misleidend. Hierdie skeiding tussen openbare verklarings en amptelike optrede ondermyn en erodeer die basiese vertroue en aanspreeklikheid wat aan die amp wat hy beklee, behoort te kleef.

“Op 10 Februarie 2026 het ons prokureurs 'n verdere brief aan die Minister en sy Departement gerig waarin ons hom versoek het om die beweerde skriftelike antwoord waarop hy vir sy openbare verklarings staatgemaak het, behoorlik gedateer en vergesel van bewys van versending, voor te lê. Gegewe die Minister se openbare versekerings, en met die aanvaarding dat korrespondensie wat reeds gestuur is, geredelik beskikbaar sou wees, het ons prokureurs hom tot 11 Februarie 2026 gegun om die gevraagde bewys te lewer.

“Op 12 Februarie 2026 het die Hoofdirekteur: Regsdienste van die Departement geantwoord en erken – in teenstelling met die Minister – dat geen reaksie op ons oorspronklike brief verskaf is nie,

en gesê: ‘U eis om reaksies van die Minister en die Departement binne die gestelde tydsraamwerke is uiters onredelik gegewe die talle bewerings en verkeerde verklarings wat u kliënte maak. 'n Reaksie daarop vereis oorweging en voldoende tyd.’

“Die voortgesette weerhouding van redes, wat die Minister nou in die openbaar beweer dat hy verskaf het, vorm 'n *prima facie* onwettige administratiewe versuim deur die Minister en sy Departement.

“Die Departement het verder aangedui dat dit eers teen 20 Februarie 2026 sou kon reageer – 'n treffende bewering in die lig van die Minister se stelling dat die bepaling van die regsposisie ‘regtig nie 'n vuurpylwetenskaplike vereis nie’, sowel as die Minister se uitgebreide regseise, waarop hy sekerlik nie kan staatmaak sonder om reeds regsadvies in te gewin het nie.

“Soos sake staan, wag Sakeliga, SAAI en Vrystaat Landbou steeds op 'n afskrif van die beweerde reaksie, wat die Minister in die openbaar en misleidend beweer het reeds verskaf is.

“Gegewe die erns waarmee die landboubedryf die uitbreking beskou, die regseise wat aan hom gerig is, en die feit dat sy voortdurende versuim om 'n gemotiveerde reaksie te verskaf, die betrokke partye dwing om die howe te nader, is dit die plig van Minister Steenhuisen om sonder verdere vertraging die redes te verskaf wat formeel aangevra is en wat hy in die openbaar beweer het reeds verskaf is.

“Sakeliga, SAAI en Vrystaat Landbou se regspan is tans besig om ons hofaansoek te finaliseer. Ons neem nou nie net die Minister se weiering in ag om homself tot 'n weergawe van sy beleid te verbind – en dit wetlik te staaf nie – maar ook sy oënskynlik onwaar stellings.

“Minister Steenhuisen se gedrag maak dit uiters moeilik vir besighede en vee-eienaars om hul regsposisie te beoordeel of hul volgende stappe te bepaal.

“Dit is onredelik om te verwag dat boere en besighede effektief sal reageer op hierdie siekte-uitbraak in die konteks van die Minister se *ad hoc*-bewerings, *post hoc*-regverdigings en *ad hominem*-aanvalle, instede van 'n duidelik gekommunikeerde standpunt wat deur die Minister in 'n formele antwoord op ons regsbrief bevestig en wetlik gestaaf is.

“Die Minister se los openbare bewerings wissel nou wyd, insluitend onder andere:

- ons eise vir regsduidelikheid verkeerd voorgestel word as neerkomend op 'n "vrye-vir-almal" waarin ongekeurde entstowwe met buitelandse stamme veronderstel is om toegelaat te word;

- botweg beweer dat bek-en-klouseer "staatsbeheerd" is, maar dan nie verduidelik waarom Boere wel entstowwe verkry en toedien in die geval van ander staatsbeheerde siektes nie;

- die vereistes van die Wêreldorganisasie vir Dieregesondheid verkeerd voorstel; en

- aanvoer dat entstowwe biowapens is terwyl geïgnoreer word dat ander vee-entstowwe gereeld privaat verkry en toegedien word.

“Die voortgesette weerhouding van redes, wat die Minister nou in die openbaar beweer dat hy verskaf het, vorm 'n prima facie onwettige administratiewe versuim deur die Minister en sy Departement.”

• ***Sarel*** *haak maar hier en daar vas met die Latynse regsterme, maar uit dié verklaring blyk dit duidelik dat wyle Piet Pinocchio (Koornhof) nou ‘n waardige opvolger gekry het in John Pinocchio Steenmuis.*

---

## Nog naamsveranderings

**Sarel** ontvang toe ‘n mediaverklaring van VF Plus, waarvan die inleiding soos volg lui: “Die naam Graaff-Reinet sal vir die VF Plus Graaff-Reinet bly en nie Robert Sobukwe Town nie. Die party doen daarom ‘n beroep op die mense van Graaff-Reinet, die groter Oos-Kaap en die res van Suid-Afrika, om hierdie naamsverandering te ignoreer.

“Hierdie, en 20 ander geografiese naamsveranderings soos Oos-Londen na KuGompo City, is onlangs deur die minister van sport, kuns en kultuur, Gayton McKenzie, in die Staatskoerant aangekondig.”

Natuurlik kan **Sarel** heelhartig saamstem met die beginsel dat Graaff-Reinet se naam so moet bly. Maar dit lyk tog uit die tweede deel van die verklaring dat daar nie juis probleme met die ander name is nie, en dat KuGompo City skynbaar aanvaarbaar is in plaas van Oos-Londen.

Maar moet die beginsel nie maar geld vir alle veranderde name nie?

‘n Besoek aan VF Plus se webblad met die onderafdeling vir provinsiale leiers, bring jou in kontak met leiers van Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en Kwazulu-Natal – almal veranderde name in plaas van die tradisionele name.

Dan is daar ook die aankondiging dat Willie Spies aangewys is as hul burgemeesterskandidaat vir die Tshwane-Metro. Daar word nie eens probeer om net te verduidelik dat dit Pretoria, die tradisionele naam vir die hoofstad, is nie.

In *Die Pos* koerant in Waterberg, word gemeld dat Jeedee Cloete, VF Plus-raadslid, uit alle aktiwiteite van VF Plus in Bela-bela geskors is, terwyl

meeste mense praat van Warmbad. (Onthou, dit is die plek waar VF Plus sy eerste swart raadslid wat van die PAC af oorgeloop het, gehad het. Dié swart raadslid is intussen oorlede...)

Waarom in verset kom vir een munisipaliteit? As mense opgeroep word vir verset, kan maar netsowel alle veranderde name geïgnoreer word, en praat ons weer van Potgietersrus, Ellisras, Naboomspruit, Nylstroom, Warmbad, Louis Trichard en ander plekke in Noord Transvaal; praat ons van Bloemfontein in die Oranje-Vrystaat en van Utrecht en Vryheid in Natal!

• *Intussen het* ***Sarel*** *'n voëltjie hoor fluit dat daar ook 'n naamsverandering vir Suid-Afrika op die tafel is. Nee, dit is nie Azania nie. Skynbaar word die naam iMurtu oorweeg...*

---

## Slagoffer van Apartheid

Daar bly mos maar 'n alewige gesanik oor slagoffers van apartheid. Die meeste van hulle is jonger as dertig jaar en weet nie eens wat apartheid was nie.

Die Tante wys toe vir **Sarel** op 'n netjiese stuk wat geskryf is deur Frank Cornelissen op sy Facebook bladsy, en omdat hy dit so treffend beskryf, plaas Sarel graag sy stuk, met erkenning aan hom:

"Ruk ek nou my stert op 'n stok vir nog 'n 'slagoffer van apartheid'...

"Die slapg@t gesanik van 'n persoon van kleur, oor my ingebore wit voordeel en sy vreeslike lewe onder apartheid trek my mœrmeter skuins, want soos met rassisme, is ek totaal en al oor hierdie jannie jammergat houdinkie oor apartheid. Ek het al voorheen hierdie gevoel van my uitgespel en ek strooi dit toe weer op hom uit.

"Kom ek verduidelik gou vir jou iets. Ek was ook 'n slagoffer van apartheid. As 'n pas 18-jarige seun is ek in 'n trein geboender saam met duisende ander slagoffers en is weggevoer na 'n kamp toe waar ek gedwing was om 'n bruin uniform te dra, daagliks verskree was en daagliks erge fisiese lyding moes deurmaak. Ek het geen privaatheid gehad nie, moes ten volle aanskoue van almal om my, toilette gebruik en stort en het geen sê gehad in die kos wat ek moes eet nie. Ek is agter op 'n trok en in 'n rammelkas vliegtuig weggevoer, sonder enige seremonie of insae in die besluit en moes in doodsgevaar, in 'n ander land gaan oorlog maak.

"Daar moes ek soos 'n dier in die veld slaap en vir myself sorg vir water uit moddergevulde gate waar diere gedrink het, met karige rantsoene liggaam en gees aanmekaar gehou het en daagliks die gevaar geloop het om in die vreemde, sonder familie naby, te sterf. Ek was selfs op 'n jeugdige ouderdom van 19 jaar oud, gedwing om my eerste testament op te stel, want daar was 'n wesenlike gevaar dat ek in 'n swart sak sou terugkom. Ek het in tente gewoon, winter en somer, wat ek met tien ander slagoffers moes deel en was gedwing om uit 'n trommel te lewe, terwyl ek geen vryheid van beweging gehad het nie en waar ek dag en nag deur gewapende wagte opgepas was. Ek moes selfs 'n pasboek dra om by permanente padblokkades deurgelaat te word. Niemand het ooit 'n woord gerep oor my sogenaamde menseregte nie en die MRK verwittig van my posisie nie.

"My straf het ook ingesluit dat na my twee jaar uitgedien was, ek elke jaar vir die volgende agt jaar, vir drie maande weer opgesluit was vir dieselfde marteling as tevore... en dit was 'n wet van die land gewees en net van toepassing op blanke seuns.

"Moenie my verkeerd verstaan nie, ek is nie 'n oomblik spyt oor my apartheid tronkstraf nie, want dit het my gemaak wat ek my lewe lank was... hardegat, uitgesproke, gefokus op oplossings en gaan nooit lê nie. Dit het my van seun tot man gevorm in die kortste tyd moontlik, my geleer van my swakhede en sterktes en hoe om altwee aan te wend om my lewe te vergemaklik. Dit het ook my brein gevorm om nooit planloos rond te strompel nie en myself nooit oor te gee aan selfbejammering en slagoffer mentaliteit nie.

"So regtig, jou breindood sot, ek sou enige tyd op 'n aparte bankie gesit het, in 'n aparte trein en bus gery het en in 'n aparte ry gestaan het om my vryheid te kon koop. Ek sou met graagte gratis huise en gratis grond ontvang het, gratis water en elektrisiteit benut het, gratis uitstekende mediese voordele ontvang het, terwyl ek kon rondbeweeg het na willekeur, uitgesluit van sekere gebiede wat verbode was na 'n sekere tyd van die dag. Ek sou met dankbaarheid my stemreg prysgegee het om hierdie 10 jaar se tyd terug te kry, want my lewe was nie my eie nie en ek was vasgevang in die stelsel van apartheid. Sou jy hierdie gevangenisstraf kon aanvaar? Nee, jy sou dit nie gemaak het nie want jy is 'n opportunis met 'n dodelike gebrek aan doel-

witte en trots.

"Yep, slagoffer van een of ander gewaande rede is deesdae so volop soos wors by 'n braai, maar bittermin verstaan waaragtig die konsep van die woord... 'tsek!"

• *Sela!*

---

## Nuus of Misdaadverslag?

Op 2 Februarie, dieselfde berugte dag waarop FW de Klerk in 1990 aangekondig het dat die terroris, Nelson Mandela, vrygelaat gaan word en dat die terroristebende, die ANC, en die SA Kommuniste Party ontban gaan word, was **Sarel** in sy voertuig onderweg.

Die openbare uitsaaier, RSG, se 10:00 nuusbulletin het so gelui:

"Die DA in Gauteng sê hulle gaan regsmening inwin oor die departement van justisie se besluit om meer as negeduisend misdaadvoorkomingsbewaarders - bekend as AmaPanyaza - as vredesbeamptes te verklaar. Die departement het Vrydag die herklassifikasie aangekondig. Die besluit volg op 'n verslag verlede jaar deur die Openbare Beskermer, Kholeka Gcaleka, wat bevind het die aanvanklike aanstelling van die bewaarders onwettig was. Die DA se provinsiale leier, Solly Msimanga, sê die proses om vredesbeamptestatus aan die bewaarders toe te ken, blyk oorhaastig te wees en mag dalk nie aan wetlike vereistes voldoen nie.

"'n Verdagte verskyn vandag in die hof in verband met die moord op drie kinders in die Lulwane-gebied in Emanguzi in die noorde van KwaZulu-Natal. Die kinders was tussen sewe en vyftien jaar oud. Hulle is met 'n mes aangeval terwyl hulle klaarblyklik Saterdagaand alleen in hul huis was. Hul ma het met haar tuiskoms op hulle afgekom. Die verdagte is gister in hegtenis geneem en verskyn vandag in die Emanguzi- landdroshof.

"Twee verdagtes van 33 en 39 jaar oud is in Madadeni in Newcastle in KwaZulu-Natal in hegtenis geneem weens die besit van dwelms. 'n Provinsiale polisiewoordvoerder, Paul Magwaza, sê die polisie het inligting ontvang oor 'n voertuig wat dwelms vervoer het tussen Madadeni en Osizweni. Die voertuig is voorgekeer. Die polisie het 'n sak in die voertuig gevind met dwelms soos mandrax en tik. Twee insittendes van die voertuig, 'n man en 'n vrou, is onmiddellik in hegtenis geneem. Die twee sal vandag in die Madadeni-landdroshof verskyn.

"Die verhoor van drie mense weens die diefstal van 580-duisend Amerikaanse dollar by President Cyril Ramaphosa se plaas, Phala Phala by Bela-Bela in Limpopo, sal na verwagting vandag voortgaan in die Modimolle-streekshof. Die verhoor is op die hofrol geplaas vir vandag, môre en 16 Februarie. Die drie beskuldigdes staan tereg op veelvuldige aanklagte, insluitend huisbraak, diefstal en geldwassery."

*• Interessant... Op 2 Februarie 1990 belowe FW de Klerk 'n Nuwe Suid-Afrika, en op 2 Februarie 2026 blaker die staatsuitsaaier dit uit dat dit 'n Ruwe Suid-Afrika geword het. Vyf berigte in dié nuusbulletin, waarvan vier handel oor misdaad in Suid-Afrika. Die laaste storie het gehandel oor die oorlog tussen Israel en Hamas, en waar Israel verbied dat Gift of the Givers die land binne mag kom. Hierdie nuus het meer geklink soos 'n daaglikse misdaadverslag as nuus. En nou is De Klerk nie meer daar om te beleef wat hy die land aangedoen het nie!*

---

**HUTTEN-**

**BUCHDIENST**

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# Woord en wêreld
## Vyf Lewensveranderende Woorde

***Deur Dr. Gideon Grobler***

Hierdie Oordenking is deur **dr. Paul Tripp** van Amerika geskryf. Ek het dit vertaal en ietwat geredigeer.

**Skrifgedeelte**: Jak 4:6 *"Maar Hy gee groter genade;…"*

**Oordenking:** Jakobus 4 skilder een van die eerlikste portrette van die lewe in 'n gevalle wêreld. Ons is gewaarborg om konflik en teleurstelling in ons verhoudings te ervaar: *"Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle?"* (v.1) Ons is gewaarborg om sondige, selfsugtige begeertes te ervaar, selfs terwyl ons probeer om 'n suiwer en regverdige lewe te lei: *"Julle welluste wat in julle lede stryd voer."* (v1) Ons is gewaarborg om eksterne aanvalle en versoeking van die vyand te ervaar: *"Weerstaan die duiwel"* (v. 7) Ons is gewaarborg om hartseer, lyding en verlies te ervaar: *"Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydskap in bedruktheid."* (v. 9) Ons is gewaarborg om onsekerheid en verrassings te ervaar: *"Julle weet nie wat môre sal bring nie"* (v. 14) Sjoe, hierdie gedeelte is baie eerlik oor wat ons almal in die gesig staar!

Maak die harde werklikheid van die lewe in 'n sondige, gevalle wêreld jou lus om op te gee en tou op te gooi? Gelukkig laat hierdie gedeelte ons nie daar nie. In die middel van Jakobus 4 is 'n klein frase wat alles verander. Dit is nie 'n oordrywing om te sê dat dit miskien die vyf mees lewensveranderende woorde ooit geskryf is nie: *" Maar Hy gee groter genade."* (v. 6) Te midde van dit alles, is ons genade gewaarborg! Ja, die lewe in 'n gevalle wêreld sal soms verskriklik ontmoedigend en pynlik wees.

Ja, die lewe in 'n gevalle wêreld kan soms verskriklik ontmoedigend en pynlik wees. Die Bybel vereis nooit dat jy die werklikheid ontken en voorgee dat die Christendom jou na 'n mitiese eiland vervoer waar jy alleen saam met Jesus in vrede kan leef, terwyl alles rondom jou uitmekaar val nie.

Maar, maak nie saak wat jy in die gesig staar nie, jy hoef nie paniekerig te raak nie. Jy hoef nie te vrees nie. Jy hoef nie te oorweeg om hoop te laat vaar nie.

Hoekom? Omdat daar genade is vir watter stryd jy ook al in die gesig staar. Hoop word gevind in die Een wat jou lewe met sy genade binnegedring het. Jy is nooit alleen nie.

Jesus is met jou. Jesus is in jou. Jesus is vir jou. Hy bied jou genade wat bekwaam is vir die taak, selfs wanneer jy nie is nie.

Om God elke dag te verheerlik, moet ons nie ons fokus op heerlikheid verminder tot net onsself nie.

Op die agterpaaie en die verbypaaie: daar is genade. In die troonkamer en die raadsaal: daar is genade. In die valleie en op die bergtop: daar is genade. In die kothuis en in die herehuis: daar is genade. In die plaas en in die stad is daar genade. Vir die jongmense en die oue, is daar genade. Vir die swakkes en die sterke, is daar genade. Vir die gesondes en die sieke, is daar genade. Vir die eensames en die geliefdes is daar genade...

Lees gerus deur Romeine 5, in sy geheel! (Ek het die eerste twee en laaste twee verse hieronder ingesluit):

"1 *Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;*

"2 *deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.* [v1,2...] 20 *Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;*

"21 *sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here. ."* (Romeine 5:1–21)

**Gebed:** *: 'n Gebed vir vandag: Here, dankie vir die pragtige en doelbewuste herinnering in U Woord dat daar genade vir my is. Soms is dit ongelooflik moeilik om die waarheid te sien oor hoe genadig en liefdevol U teenoor my persoonlik is wanneer al die sorge en bekommernisse van my lewe kom en oorneem. Maar bo alles, U is altyd daar. Dankie dat U spesifiek u genade op my uitstort. Ek is diep dankbaar en ek vier daardie genade nou. In Jesus se naam.* **AMEN**

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Nie-militêre oorlog gevaarliker as militêre oorlog

**Hermanus van der Schyff**

Soos belowe, haal ek nog 'n hoofstuk aan uit mnr Marais se boek *"Waarheid en Werklikheid"* wat hy in 1983 voltooi het.

Hierdie hoofstuk handel oor die destydse oorlog teen die terroriste op die destydse Suidwes-Afrika grens en die Kubaanse soldate wat die kommuniste voorsien het om Suid-Afrika oor te neem en 'n kommunistiese staat te maak.

In die eerste deel noem hy wat dié invloed op Suid-Afrika gehad het. Die terroriste het in groepies oor die grens gekom, maar ons moes 'n groot mag beskikbaar stel om hulle aanvalle te stop. Hy sê: "Die ekonomiese en sosiale ontwrigting van 'n tweejaarlange diensplig wat loopbane onderbreek, opleiding vertraag, arbeidstekorte veroorsaak, gesinsprobleme skep, huwelike verongeluk en talle ander nadelige gevolge het, kan nie in geldelike terme bereken word nie." Hy noem dat daar byna 1 000 jong manne van Suid-Afrika in die operasionele gebied dood is.

Ons gaan verder met die hoofstuk: **"Die aard van die oorlog":**

"Volgens die kommunistiese beplanning is die huidige oorlog 'n 20 persent militêre stryd en 'n 80 persent diplomatieke, sosiale, politieke en ekonomiese oorlog, soos die Chinese kommunis, Mao Tse-Tung, hierdie soort oorlog beskryf het.

"Dit is om die 80 persent nie-militêre stryd, die verowering van binne, te wen dat die aanvallers tyd nodig het. Daarom word die militêre stryd van die kommunistiese kant op 'n uitgerekte wyse en teen 'n lae intensiteit gevoer. Daardeur moet tyd gewen word om die terrein voor te berei vir die morele ineenstorting, sodat in Suid-Afrika se geval hy na die konferensietafel gedwing kan word om, soos die Blankes van die voormalige Rhodesië, vrede te sluit en die mag oor te dra.

"Vir Suid-Afrika is die militêre inset nie 20 persent nie. 'n Verdedigingsbegroting van tussen R2 000 en R3 000 miljoen per jaar, twee jaar nasionale diensplig en talle eise beteken 'n hoë militêre inset, heeltemal buite verhouding tot die inset aan die kant van die terroristiese aanvallers.

"Daar word gesaghebbend verklaar, onder meer in die boek, *Nigerian Government and politics under Military rule*, dat vir 'n leër, wat terrorisme beveg, om geloofwaardigheid te behou, sneuwelverhouding van 50:1 gehandhaaf moet word. Dit sou beteken dat vir die 1 000 man wat Suid-Afrika reeds verloor het, daar 50 000 terroriste moes geval het.

"Dit is baie, baie ver bo die getal terroriste wat tot dusver gedood is.

"Die 80 persent nie-militêre stryd is gerig op die bevolking en word deur binnelandse ondermyning en buitelandse druk gevoer om die bevolking se lojaliteit na die terroristiese aanvallers te laat verskuif. Dit is dus die werklike veroweringstryd. Dit is veral gerig op die boonste lae van die bevolking. 'Ons moet', het Abraham Fischer, leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, in 1965 aan sy volgelinge voorgeskryf, 'probeer om studente- en vroue-organisasies in te trek, saam met progressiewe kerkmanne, koerant en joernaliste en selfs professionele liggame (dokters, regsmense, opvoedkundiges, ens.).'

"Dít is die speerpunt van die 80 persent nie-militêre stryd. Hierdie groepe mense moet onder liberale en kommunistiese invloed beweeg word tot skeptisisme teenoor die bestaande orde en tot welwillendheid teenoor die kommunistiese oogmerke om die bestaande orde 'te verander'. Hulle moet gaandeweg al duideliker laat blyk dat die terroriste-oorlog 'n regmatige oorlog is weens die onregmatige orde waarteen hulle veg.

"Natuurlik is nie alle studente, kerkmanne en professionele mense toeganklik vir die kommuniste nie, maar dit is onder 'afvallige elemente wat na verandering soek, wat kommunistiese aktiwiteit die doeltreffendste is'. Hierdie aanhaling is uit prof. Robert Selznik se gesaghebbende boek, *The Organizational Weapon*. Die sleutel is 'wat na verandering soek'.

"'Hierdie elemente, wanneer toegang tot hulle verkry is,' skryf hy verder, 'bied aan die kommuniste 'n basis waarvandaan die gemeenskap as 'n geheel uiteindelik aangeval kan word.'

"Dus, die 80 persent nie-militêre oorlog is 'n aanval op die gemeenskap se morele oortuigings en wil. Dit neem die vorm aan van aanslae op godsdiens,

die onderwys, die kultuur, die tradisies, die gebruike, die ekonomie, die geskiedenis. Dié aanvalle is bedek. Daar word eers net gesê dat bestaande opvattings verouderd en uitgedien is; dat hulle nie meer geldig is in 'n veranderde wêreld nie. En die mense wat hierdie aanslag lei, is 'die afvallige elemente wat na verandering soek', soos prof. Selznik verklaar."

Tot sover die aanhaling uit mnr. Marais se boek.

Dit is interessant dat die NP onder John Vorster begin het om weg te beweeg van apartheid en dat die boikotte van buitelandse lande stadig al erger geword het. Terwyl ons teen kommunistiese terroriste geveg het wat onder andere Kubaanse soldate ingesluit het, het die VSA ook Suid-Afrika geboikot. Mens sou verwag dat hulle wat anti-kommunisties in hulle propaganda was, hulle die een land sou wees wat Suid-Afrika teen die kommuniste sou ondersteun. Maar nee, hulle het, onder aanvoering van hul destydse minister van buitelandse sake, Henry Kissinger, Rhodesië aan 'n kommunistiese regering laat oorgee en het druk uitgeoefen dat Suid-Afrika dieselfde pad moes loop. Die Russe het ook Suid-Afrika teengestaan en wapens aan die terroriste en Kubane voorsien. Pik Botha het ook die 20 - 80 oorlog gesteun en in die Verenigde Nasies aangekondig dat Suid-Afrika sal afsien van apartheid en sal oorgee aan 'n swart regering. Engeland het ons net so sleg behandel, maar dit was veral hul haat teen Suid-Afrika wat in die oorloë teen die Boere so gesukkel het dat hulle hul siening as die sterkste staat in die wêreld, verloor het.

Die vraag is hoekom die Weste en die Ooste, die sogenaamde vrye wêreld en die kommunisties wêreld, so ernstig teen Suid-Afrika opgetree het. Een rede was die belangrikheid in die wêreld met sy goud en ander minerale wat die ander lande wou hê. Suid-Afrika het ook die seeroete om die Kaap beheer en die Weste en Ooste wou daardie beheer oorneem. Met hulle 80% druk op belangrike persone in Suid-Afrika het hulle geslaag om veral akademici in universiteite te werf. So het sekere professore op Stellenbosch erg links beweeg. En ons as studente moes daardeur werk, maar ander is beïnvloed en het ook links geraak. Ek onthou die vergadering van dr. Albert Hertzog en mnre. Jaap Marais en Louis Stofberg wat deur die meeste studente ontwrig was en selfs die hoogs beskaafde dr. Hertzog met eiers en tamaties gepeper het. So was ek die enigste HNP ondersteuner in my koshuis. Die hoofrede was Vorster se gebruik van die radionuus, die koerante en later veral die televisie om die mense te paai dat die NP nie regtig na links swaai nie.

Onthou, in daardie tyd is die Broederbond, wat aanvanklik 'n goeie doelstelling gehad het, ook deur infiltrasie oorgeneem en het hulle hul lede opdrag gegee dat hul lede nie met ondersteuners van die HNP mag meng of ondersteun nie.

Maar die een rede wat ek glo vir die buitelandse boikotte en teenstand verantwoordelik was, was dat ons 'n Christenvolk was wat nie die kommuniste se oorname sou goedkeur nie. Ons moes dus stukkie vir stukkie infiltreer word. En met die nuusmafia is baie van ons mense van hul streng Christenskap weggerokkel of het dit nie meer so ernstig ondersteun nie. Dit is waar die druk op predikante suksesvol was om die onderskeid tussen wit en swart as verkeerd en onbybels te verklaar. Kyk hoe lyk die kerke en die sogenaamde Christene vandag. Dit is waar ons grootste probleem lê.

Dat ons soos dr. DF Malan gesê het: “Terug na u volk, terug na u kerk.” ■


## *Die Afrikaner*

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:**

Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Sydney Gregan
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

# Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.**

**Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)***

## Steenhuisen se uittrede as leier van die DA in April 2026

Die leier van die DA het op 4 Februarie 2026 aangekondig dat hy nie weer beskikbaar vir herverkiesing as leier van die DA tydens die DA se kongres in April sal wees nie. Hy sal nou net aandag gee om die bek- en klouseer uitbraak as minister te hanteer. Die vraag is of hy na sy uittrede by die ANC gaan aansluit?

Hy het in sy toespraak gewys op die suksesse wat hy onder sy leierskap reggekry het, van hoe die DA gegroei het en hoe hy die DA in die RNE ingekry het en dus ministersposte en ander belangrike ampte met DA-lede kon vul.

Hy het egter vanaf veral van die begin van 2025 baie foute gemaak en al meer steun aan Ramaphosa gegee. Daar is selfs gespot dat hy 'n lid van die ANC geword het. Sy groot mislukking as minister van landbou is natuurlik sy uiters swak hantering van die geweldige uitbreek van bek-en klouseer wat Suid-Afrikaanse boere se oorlewing bedreig.

Daar was 'n storie op Youtube waar beweer word dat die beheerliggaam van die DA agter die skerms vir hom gevra het om nie as leier beskikbaar te wees nie. Daar is ook die bewerings dat donateurs aan die DA se topbestuur gesê het dat hulle nie weer skenkings sal gee solank Steenhuisen die leier is nie.

Wie vir Steenhuisen gaan opvolg, is nog 'n ope vraag. Hy het soveel skade aan die DA veroorsaak dat hulle stemkrag in 2029 sou krimp. Die nuwe leier sal hard moet veg om hulle steun weer op te bou. Of daar 'n sterk leier beskikbaar is om hom op te volg, lyk op hierdie stadium nie juis so nie. Dit kan beteken dat die ANC weer sterker uit die verkiesing kom en nie nodig sal hê om weer 'n koalisie-regering te vorm nie. Helen Zille, die sterk leier binne die DA, gaan staan om die burgemeester van Johannesburg te word. As dit gebeur, sal sy nie die leier kan word nie, maar weer van agter die skerms leiding moet gee.

Dit wys maar net weer dat om in hierdie bose ANC regering se magsomgewing in te beweeg, verloor jy van jou eie identiteit. En het jy nie regtig meer sê om die ANC aan te val en op hul swak besluite en foute te wys nie. Kyk hoe moet die DA minister van onderwys die Bela-wet ingestel kry.

Ek het egter geen simpatie met Steenhuisen of die DA nie. Hulle is 'n liberale organisasie wat vir die Blankes in Suid-Afrika niks beteken nie.

**H van der Schyff,** *Pretoria*

---

## HNP-visie

*(Van bladsy 1)*

4. Die HNP speel 'n leidende rol in die politieke-, kulturele- en ekonomiese lewe van ons volk, en neem verantwoordelikheid daarvoor om sy ideale vir die Afrikanervolk op elke terrein te verwesenlik.

5. Die HNP is 'n beweging wat toegewy is aan ons Christelik-nasionale erfenis en wat in staat is om hierdie ideaal te bevorder en te verdedig, in ooreenstemming met sy Program van Beginsels.

6. Die HNP streef die visie van 'n vrye, onafhanklike Afrikanervolk na deur landswye organisasie, saamtrekke, vergaderings, publikasies, die verspreiding van inligting, en ander toepaslike aksies.

7. Die HNP vorm die kern van die Afrikanervolk wat sy ideale van Afrikanernasionalisme en staatkundige vryheid met entoesiasme uitdra en alle geskikte middele inspan om Afrikaners te oortuig van die noodsaaklikheid en die voordele daarvan.

8. Die HNP leef sy visie en ideale prakties uit, deur die uitvoerbaarheid van sy planne te beproef, die deelname van sy lede te bevorder, en in alles met integriteit op te tree.

9. Die HNP werk aan doelwitte, programme en praktiese planne om al nader aan sy ideaal vir ons volk te beweeg.

10. Die HNP tree in geloof en met selfvertroue op en wil groei tot 'n mag wat nie geïgnoreer kan word nie. In hierdie strewe bly hy getrou aan die leuse: "Stryd is Lewe".

# Buiteland

## Franse student deur linkses vermoor

'n 23-jarige Franse student met die naam Quentin (meestal genoem as Quentin D.) is dood ná 'n gewelddadige aanval in die suidoostelike stad Lyon.

Quentin was deel van 'n groep wat veiligheidsdienste verskaf het tydens 'n protes, georganiseer deur 'n regse groep genaamd Collectif Némésis, wat plaasgevind het by 'n geleentheid waar 'n linkse Europese Parlementslid, Rima Hassan, gepraat het.

Ver-linkse en anti-fascistiese groepe, wat bekend is daarvoor om konfrontasie uit te lok by vreedsame regse betogings, het op die toneel verskyn en gelei tot 'n gewelddadige botsing teen die wettige betogers.

Volgens ooggetuies het die botsing ontaard in 'n slagting waartydens Quentin ernstige kopbeserings opgedoen wat tot sy dood gelei het.

Franse owerhede en die Openbare Aanklaer se kantoor in Lyon het bevestig dat Quentin se dood die gevolg was van 'n aanval met ernstige geweld. President Emmanuel Macron het die geweld veroordeel en tot kalmte opgeroep.

Die Minister van Justisie en ander regse politici het gesê die aanval was deur "ultra-links" veroorsaak, maar die ondersoek was steeds aan die gang en niemand is op die oomblik formeel skuldig bevind nie.

Intussen het verskeie betogings plaasgevind ter ondersteuning van Quentin, wat die linkse onverdraagsaamheid duidelik aan die kaak stel.

---

## Brittanje deur immigrante gekoloniseer

Bogenoemde stelling is gemaak deur die Britse maatskappy Ineos se uitvoerende hoof, sir Jim Ratcliffe. Hy het die stelling gemaak tydens 'n onderhoud met Sky News in Antwerpen, Vlaandere.

Hy is onmiddellik deur die Britse premier, Keir Starmer, daaroor aangevat en Starmer het Ratcliffe versoek om sy stellings oor immigrasie terug te trek nadat die miljardêr beweer het dat die Verenigde Koninkryk "deur immigrante gekoloniseer" is. Ratcliffe het dit nie gedoen nie.

Hy het gesê dat Brittanje te veel geld bestee aan immigrasie en welsynsvoordele. "Jy kan nie 'n ekonomie hê met nege miljoen mense op voordele en 'n groot aantal immigrante wat inkom nie."

Volgens Ratcliffe het die Britse bevolking van 58 tot 70 miljoen gestyg, hoewel amptelike syfers 'n groei

van 66,7 tot 69,4 miljoen tussen 2020 en 2025 toon.

Starmer het die opmerkings "aanstootlik en verkeerd" genoem en beklemtoon dat Brittanje "'n trotse, verdraagsame en diverse land" is. Downingstraat het 'n verskoning geëis en gesê die opmerkings "speel in die hande van diegene wat ons land wil verdeel.

Ratcliffe het ook gesê dat leiers "die moed moet hê om ongewilde besluite te neem", en sy rol as mede-eienaar van Manchester United vergelyk met die leiding van die land. Hy het verwys na sy onlangse hervormings by die sokkerklub, insluitend honderde afleggings en bestuursveranderinge. Ratcliffe het ook gesê dat hy die leier van Reform UK, Nigel Farage, ontmoet het en hom beskryf het as "'n intelligente man" met "goeie bedoelings". Farage self het vinnig die sentiment herhaal dat "massa-immigrasie die karakter van baie gebiede verander het".

---

## Londen weier Vlaardingerbroek toegang

Hoe linksgesind die Starmer-regering inderdaad is, blyk uit die feit dat hulle begin van die maand die Nederlandse aktivis en beïnvloeder, Eva Vlaardingerbroek, belet het om die Verenigde Koninkryk binne te gaan.

Die Departement van Binnelandse Sake in Londen het haar elektroniese visums hierdie maand herroep. 'n Amptenaar het die optrede aan die Amerikaanse politieke tydskrif Politico verduidelik met die bondige stelling dat haar teenwoordigheid nie as "in die openbare belang" beskou word nie.

Vlaardingerbroek, voorheen 'n lid van die "Forum vir Demokrasie"-party, vermoed dat die harde kritiek wat sy onlangs op die linkse Britse premier, Keir Starmer, uitgespreek het, tot die verbod bygedra het. Sy het sy regering daarvan beskuldig dat hulle "misogynistiese" inhoud op X wil sensureer terwyl hulle terselfdertyd toekyk terwyl "migrantbendes Britse meisies verkrag". Sy het Starmer beskryf as "'n bose en veragtelike man". Misogynistiese inhoud verwys na enige uitlatings, beelde, idees of materiaal wat haat, minagting of diskriminasie teen vroue bevorder of regverdig.

Die aktivis, wat bekend geword het deur verskynings in Amerikaanse media en haar gesprek met Tucker Carlson, onder andere, het onlangs aan 'n geleentheid in Londen deelgeneem. Vlaardingerbroek het daar gepraat oor onderwerpe soos repatriasie en die “Groot Vervanging” in Europa.

Londen se visum weiering kom op 'n polities sensitiewe tyd. Die Amerikaanse regering onder Donald Trump verhoog druk op Europese state omdat hulle na bewering oneweredige maatreëls gebruik om immigrasie- en regeringskritici te vervolg en vir die oorregulering van sosiale media. Die Vlaardingerbroek-saak sal waarskynlik in Washington se hande speel. (Met erkenning aan *Freewest Media*)

---

## Belgiese “grensbeheer” misluk

Nadat ervaring – in Duitsland, en in ander lande – getoon het dat effektiewe grensbeheer wel werk, het die De Wever-regering middel verlede jaar met groot fanfare aangekondig dat België ook beheermaatreëls sou instel om "onwettige immigrasie te bestry". "Hierdie sogenaamde 'grensbeheermaatreëls', beperk tot 'n maksimum van twee per week, het nie by die grens plaasgevind nie, maar binne die land," sê Vlaams Belang-parlementslid, Francesca Van Belleghem. "Met skaars 12 deportasies in ses maande kan dit 'n gedugte mislukking genoem word."

"Die De Wever-regering se konsep is om onwettige immigrasie te stop nadat dit plaasgevind het," merk Van Belleghem op. "En vir hierdie unieke en hoogs oorspronklike benadering is 'n unieke en hoogs oorspronklike nuwe naam geskep, soos dit hoort: toegangsbeheermaatreëls."

Soos voorspel, bly die resultate baie beperk: in ses maande is 172 mense sonder verblyfdokumente tydens toegangskontroles gevind. Hiervan is 'n totaal van 12 (!) sedertdien effektief gedeporteer, terwyl die oorgrote meerderheid van die ander ongedokumenteerde immigrante 'n 'bevel om die land te ver-

laat' ontvang het... "So 'n resultaat kan nouliks 'n sukses genoem word," sê Van Belleghem. "Dit is bloot 'n kolossale flop, 'n algehele mislukking. En intussen bly die aantal ongedokumenteerde immigrante styg."

Vlaams Belang vind dit onaanvaarbaar dat hierdie regering homself beperk tot kontroles 'na onwettige toegang'. Die koalisie-ooreenkoms lui letterlik: "In geval van buitengewone omstandighede, soos 'n ernstige bedreiging vir die openbare orde of binnelandse veiligheid of massiewe immigrasiestrome, sal ons tydelike kontroles by ons grense implementeer." "As mens dit so beskou, kan mens nie anders as om te wonder of die De Wever-regering reeds sy eie bedoelings vergeet het nie, maar dit sou nogal vinnig wees, selfs volgens Belgiese standaarde," sluit Van Belleghem af. "Nog 'n moontlike verduideliking is natuurlik dat hierdie regering glo dat die immigrasiestrome waarmee ons te kampe het, steeds nie massief genoeg is om te implementeer wat dit aangekondig het nie."

---

## Japan stem regs

Deur **Jaco Kleynhans**

Die uitslag van die Japannese verkiesing bevestig die soort leiers waarna kiesers in ontwikkelde lande tans smag.

Die Japannese premier Sanae Takaichi, het 'n groot kans gewaag deur 'n blitsverkiesing uit te roep. Sou die Japannese mense haar besluit as opportunisties beskou? Te veel van 'n koste en te veel moeite net maande na 'n vorige verkiesing? Glad nie.

Takaichi se sentrumregse Liberale Demokratiese Party en sy koalisievennoot was teen vanaand op koers om ten minste 310 setels in die 465 setel laerhuis van Japan se parlement te wen. Dit is 'n tweederdemeerderheid – iets wat lanklaas die geval was. En 'n groot oorwinning na jare van afname in die LDP se steun tot so 'n vlak dat hulle onlangs nie eers 'n meerderheid in die laer- of hoërhuis gehad het nie.

Takaichi is die mees konserwatiewe staatshoof in Japan in baie jare. Wat was Takaichi se strategie sedert sy in Oktober verlede jaar premier geword het?

1. Herbevestig Japan se spesiale verhouding met die VSA en die breër Weste en neem stappe om dit te verdiep.
2. Neem 'n onbeskaamde nasionalistiese standpunt in deur te begin praat oor Japannese identiteit, wat dit bedreig en wat nodig is om dit te bewaar.
3. Reageer direk op gewone Japannese vrese oor immigrasie deur nie volgens die eise van belangegroepe op te tree nie, maar bloot te doen wat kiesers wil hê: Onmiddellike streng beperkings op immigrasie.
4. Ook, geen ontwyking van die China-kwessie nie. Takaichi se gewaagde stellings oor China is presies wat 'n meerderheid Japannese dink, maar wat vorige leiers te bang was om uit te druk.

Haar assertiewe leierskap, 'n diep konserwatisme wat resoneer met 'n groot meerderheid van die Japannese samelewing, maar ook haar erkenning van ernstige ekonomiese uitdagings, probleme met immigrante, die risiko's wat China se aggressie in Asië inhou en die noodsaaklikheid vir Japan om te herbewapen en op te tree met groter selfvertroue en selfgeldendheid, was 'n wenkombinasie.

'n Groot taak lê nou voor, maar met 'n sterk mandaat, ongekende werksetiek en dissipline en 'n duidelike strategie, kan 'n mens Japan gerus oor die volgende jaar of twee dophou. Die verkiesingsuitslag behoort 'n duidelike les te wees vir baie leiers in ontwikkelde lande wat voortdurend besig is met polities korrekte praatjies en balanseertoertjies om werklike bekommernisse te vermy of kiesers te probeer manipuleer. Hou op daarmee en doen wat die kiesers van jou as leier verwag om te doen!

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...

Hier sit en skryf ek nou vir jou op 'n ding wat soos 'n outydse lei kyk, behalwe dat ek met my vinger skryf en nie met 'n griffel nie. Hierdie elektronika bly vir my kop wat uit die vorige eeu kom, pure toordery. Lekker vinnig, ek druk net op 'n pyltjie en jy kan dadelik lees wat ek skryf. En tog... en tog... iewers het ons iets baie kosbaars ingeboet.

Dink net aan die afwagting as jy die posbussie oopsluit, jou hand insteek en 'n vuis vol briewe, tydskrifte en advertensies uithaal. Jy loer vinnig deur en gooi dit dan in jou mandjie om dit tuis op jou gemak uit te sorteer en dan met 'n koffietjie lekker agteroor te sit en jou briewe te lees. Lekker papierbriewe in kenmerkende karaktervolle handskrifte.

Daar het stilletjies, ongemerk, soveel sulke juwele uit ons lewe verdwyn, geoffer op die altaar van "vooruitgang." Baie woorde het ook terselfdertyd verdwyn.

Vrydag se inkopietog het my laat dink aan 'n woord wat in ons jeug algemeen deur ons ouers gebruik is: ongesjineerd. Ek kan nie onthou wanneer laas ek die woord gehoor het nie en tog is dit so beskrywend van die daaglikse lewe rondom ons.

Vrydagmiddag nadat ons klaar inkopies gedoen het, sit ek en Servaas op die stoep van 'n eetplekkie in die winkelsentrum en geniet 'n koppie lekker regte koffie sonder gebrande mieliestronkgeursel. Die uitsig op inkopiegangers is hoogs vermaaklik.

Die mense kan in twee groepe gedeel word: diegene wat min tyd het en haastig iets kom koop vir aandete en dan diegene wat die loopvlak gebruik om met hul rokke en hoede te kom pronk. Swaaiswaai...

Ek dink ver terug, toe ons in die klas van die vermaarde dr. Con de Villiers gesit het en hy vertel het: "Saterdag stap ek af in Adderleystraat en voor my loop 'n tamaai *****vrou. Sy het 'n helder bloesie aan met 'n romp vol volksmonumente. As sy so loop, gaan sy so een-vir-jou-en-een-vir-my, dan gaan die volksmonumente ook so een-vir-jou-en-een-vir-my."

Ongesjineerd.

Terug by Tweede Wind het ek nog koffie gemaak en die kruideniersware weggepak. Interessante goed gekoop wat eenkant gehou word, gereed om volgende week te verwerk in eetgoed vir ons piekniek. Ja, Septimus is pas terug van 'n reis in die buiteland en op sy beskeie manier het hy kom noem dat hy baie verlang het en dit só sal geniet as ons 'n lekker piekniekete onder die boom sal hou. Dit wil vir my ook voorkom of hy iets ernstig op die hart het om met ons te kom deel.

Uiteindelik kan ons op die stoep gaan ontspan en die heerlike laatmiddag se veranderende kleurespel geniet. Die wind begin die reuk van najaar dra, die soet van grassaad en laatsomer veldblommetjies gemeng met stof van die droë aarde.

Servaas tuur oor die veld en sê dan hy dink dat ons na die swaar reëns 'n koue winter gaan hê. Dit maak my bekommerd, ek dink Donderdag moet ons vrouens begin werk aan warm kleertjies vir die afvlerk-kindertjies van die volk.

Ek hoop jy geniet 'n ongesjineerde week.

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel.no.: _____

_____ E-pos: _____

_____

Poskode: _____

ID No: _____

Vaardigheid/Beroep: _____

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: _____ Datum: _____

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _____ **Ledegeld betaal:** _____

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** _____

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: _____ Lidnommer: _____

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _____

Die Afrikaner
sedert 1970
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

# Debietorderopdrag

Titel: [Prof.] [Dr.] [Mnr.] [Mev.] [Mej.]

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel. _____

_____ E-pos _____

_____

Poskode: _____

ID Nr: _____ Datum: _____

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** _____

**TAKNAAM EN DORP** _____

**TAKNOMMER**: _____ **REKENINGNOMMER**: _____

**TIPE REKENING**: [**Tjek**] [**Transmissie**] [**Spaar**]

**BEDRAG:** R _____ ( _____**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, "dra dit aan u op", en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die [1e] [16e] dag van elke maand met ingang _____. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2024.

_____
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie